

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

TORAH (WET) EN GENADE

LES 6 (Deel 1): HOORDERS EN DADERS VAN TORAH

INLEIDING

1. Om onder die genade, en nie meer onder die wet (Torah) te wees nie, is om vrygemaak te wees van die boom van kennis van goed en kwaad wat sonde en dood bring. Dit is om as vrygemaakte (geregverdigde) terug te keer om te eet van die Boom van die Lewe, naamlik 'n lewenswyse van gehoorsaamheid aan al die onderrig en instruksies van YHVH, naamlik aan Torah. Dit is om 'n hoorder en dader van YHVH se Woord te wees (Jos. 1:8; Jak. 1:22).
2. As vrygemaaktes mag ons nie van beide bome eet nie, want ons kan nie twee here dien nie (Matt. 6:24). Om aan te hou eet van die boom van kennis van goed en kwaad, nadat ons vrygemaak is van die oordeel van die wet deur die genade van YHVH, is om Yeshua weer te kruisig (Heb. 6:1 tot 6).
3. Daarom moet ons nie bly by die begin van die predeking van Yeshua nie, maar na die volmaaktheid strewe (Heb. 6:1). Ons is vrygemaak van die slawejuk van sonde en vrygespreek van alle aanklagte wat die wet (Torah) teen ons gebring het, sodat ons nou 'n lewe van gehoorsaamheid aan ons Vader kan leef en kan eet van die vrug van die Boom van die Lewe. Dit is 'n lewe van heiligmaking.
4. Hierdie strewe na volmaaktheid begin by ons hartsgesindheid. Onder die genade het ons nou 'n nuwe hart van vlees wat vreugde vind in gehoorsaamheid aan YHVH (Eseg. 11:19 en 20). Toe ons onder die wet gelewe het, het die wet vir ons sonde geopenbaar en ons geoordeel. Nou onder die genade leer die wet ons van die Vader se genade en seën wanneer ons nie meer volgens die vlees lewe nie, maar deur die Gees wat ons leer en lei (1 Pet. 1:14 tot 16).
5. Yeshua Messias is die fondament waarop ons verlossing gebou word (Heb. 6:1 tot 3). Elkeen wat na Hom kom en na Sy woorde luister om dit te doen, is soos 'n man wat die fondament van sy huis op 'n stewige rots gelê het. Die storms van die lewe kan nie sy huis vernietig nie (Luk. 6:46

tot 49). Torah is hierdie fondament en dit alles word in Yeshua saamgevoeg tot 'n stewige fondament van ons geloof.

6. Dit is op hierdie fondament wat ons elkeen moet bou. Ons het die keuse waarmee ons gaan bou, maar elkeen moet besef dat YHVH se vuur die resultaat van ons werk gaan toets (1 Kor. 3:11 to 15). Bou ons met die stene van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid?
7. Hoewel YHVH ons as Sy geregtigheid beskou (2 Kor. 5:21), dink, praat en doen ons soms ongeregtighede, naamlik die dinge wat verband hou met die boom van kennis van goed en kwaad. As geregverdigdes in Yeshua wandel ons egter in die vryheid wat ons onder die genade deelagtig is, maar ook in die geloof dat ons deur die inwonende Afgesonderde (Heilige) Gees daaglik verander word om meer gelykvormig aan Yeshua, en dus aan Torah, te word (Rom. 8:1). Dit alles is haalbaar omrede die Boom van die Lewe nou ons fokuspunt geword het; ons oordink dit dag en nag, want ons vind ons behae daarin (Ps. 1:2). Om uit geloof tot geloof te lewe (Rom. 1:17), is om daaglik van die Boom van die Lewe te eet en om te weier om terug te keer om te eet van die boom van kennis van goed en kwaad.

WET VAN SONDE EN DOOD VERSUS WET VAN LEWE

1. Ons wat deur Yeshua Messias met YHVH ons Vader versoen is, is vry van die wet van sonde en dood. In Yeshua het ons nou die wet wat lewe gee. Soos Paulus kan ons egter ook getuig dat beide wette steeds in ons werksaam is, naamlik die wet van sonde en die dood, sowel as die wet van lewe (Rom. 7:21 tot 23). Ons weet egter dat in Yeshua sal ons verlos word van die begeertes van die vlees (Rom. 7:24 tot 26; Rom. 8:1 en 2).
2. Indien ons elke dag **slegs** van die Boom van die Lewe eet, kom ons hele wese (gees, siel en liggaam) in ooreenstemming met die Woord van God. Dit is hierdie Woord (Torah) in ons wat die wet van sonde en dood opponeer. Die Afgesonderde Gees gee lewe en krag aan Torah wat in ons verstand gegee is en op ons harte geskryf is (Heb. 8:10) en motiveer ons om die wet van lewe te kies. Die Afgesonderde Gees getuig van die lewe en die seën van Torah en Hy leer ons en lei ons om 'n Torah leefwyse te volg. Ons ontvang daaglik die openbaring van die seën wat Torah vir ons inhou. Sodoende word die wet van sonde en dood kragteloos gemaak.
3. *Die wet van die Gees van die lewe in Yeshua Messias het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.* Dit wat die wet, weens die swakheid van die vlees nie kon regkry nie, is nou in Yeshua vervul vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees (Rom. 8:2 tot 4).
4. Die Woord van God het die krag (die vermoë) om die gees en die siel te skei (Heb. 4:12 en 13). Deur die waterbad van die Woord (Ef. 5:26) word ons gemoed vernuwe (Rom. 12:2; Titus 3:5) sodat die wet van die Lewe

nou ons prioriteit word. Nou hoor ons gees die Woord van God en ontvang deur die werking van die Afgesonderde Gees die volle openbaring daarvan. Sodoende neem ons gees die beheer oor en beveel die siel hoe om te voel en te dink. Die gees en die siel weier nou om aan die begeerlikhede van die vlees toe te gee, want dit sal skeiding tussen ons en Vader God bring. Nou word ons 'n hoorder en dader van Torah.

5. Ons het daagliks die keuse om aan YHVVH gehoorsaam te wees en te lewe en geseën te word (Deut. 28:1 tot 14), of deur ongehoorsaamheid die dood (die vloeke volgens Deut. 28:15 tot 68) as loon te ontvang. Elke dag is 'n keuse of ons gehoor gaan gee aan die wet wat lewe gee of aan die wet van die sonde en die dood.

SEËNINGE OF VLOEKE?

1. Volgens Deuteronomium 28 is dit glashelder dat elkeen **wat in alles** aan YHVVH gehoorsaam is, geseën sal word.

As jy dan goed luister na die stem van YHVVH jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal YHVVH jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van YHVVH jou God.
Deut. 28:1 en 2.

Die betekenis van *goed luister* is om met aandag te luister en te verstaan wat gesê word en om dan daarvolgens op te tree (te reageer).

2. Diegene wat egter ongehoorsaam is, sal die vloeke deelagtig wees.

Maar as jy nie luister na die stem van YHVVH jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Deut. 28:15

3. Elkeen moet hoor wat YHVVH sê en dit dan gaan doen. Ons moet hoorders van *Torah* wees, maar nog meer belangrik, ook die daders van *Torah* wees. Alleenlik dan sal ons Vader-God se seëninge deelagtig wees.
4. Lees ook Deut. 5:33; Deut. 6:1 tot 9; Deut. 8:1.

Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, Deut. 30:19

5. Wat kies jy? Seëninge of vloeke? Indien jy seëninge kies, dan kies jy 'n *Torah*-leefwyse van gehoorsaamheid. Dan moet jy uitvind wat is die onderrig, instruksies en wysheid van YHVVH jou God. Dan moet jy luister om te verstaan sodat jy dit nougeset kan volg.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Die mens het 'n geneigdheid om gebede wat nie beantwoord word nie te verklaar as:

- My versoek is nie die wil van YHVH nie, of
- My geloof is te klein, of
- God die Vader toets my, of
- Dit is Satan wat my aanval en die verhoring van my gebed verhinder.

Moet die rede vir onbeantwoorde gebede nie dalk eerstens by onself gesoek word nie? Moet ons nie eerstens seker maak dat ons in alles aan Torah gehoorsaam is nie? Is die mens se grootste vyand nie eerder sy ongehoorsaamheid nie? Onthou: Ons Vader-God is geregtigheid en daarom kan Hy nie anders as om ewe getrou (regverdig) te wees ten opsigte van die seëninge en die vloeke nie. Dit is nie deel van die Vader se aard om uitsonderings of toegewings te maak nie. Sou Hy dit doen, is Hy nie meer regverdig nie.

2. Bekende Christenbedieninge leer mense dikwels om net ten opsigte van een aspek gehoorsaam te wees en dan sal (en dikwels sê hulle *moet*) YHVH hulle seën. Graag gebruik hulle die Skrif van *gee en vir jou sal gegee word* en oortuig mense dat dit al vereiste is om veelvoudig van YHVH terug te ontvang. Is dit Skriftuurlik in die lig van ons studie en veral wat in Deuteronomium 28 geskryf is? Word vereis dat ons net gedeeltelik gehoorsaam moet wees?

3. In Deut. 28:20 lees ons:

YHVH sal teen jou stuur die vervloeking, die verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelg is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die boosheid van jou handeling, dat jy My verlaat het.

Die Good News Bible stel dit soos volg:

"If you do evil and reject the LORD, he will bring on you disaster, confusion, and trouble in everything you do, until you are quickly and completely destroyed.

Is hierdie nie 'n opsomming van talle mense se lewens nie? – teenspoed, verwarring en eindelose probleme. Die rede: Ongehoorsaamheid aan Torah – aan YHVH se onderrig en instruksies.

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.